# Verklarende (expository) prediking – 'n herevaluering

C.J.H.Venter
Vakgroep Praktiese Teologie
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: kwscjhv@puknet.puk.ac.za

**Abstract**

**Expository preaching – a re-evaluation**

*This article focuses on a re-evaluation of expository preaching, especially in view of the contributions of Craddock and Buttrick, who introduced a new era in homiletical research. A re-evaluation of the exegetical and homiletical methods utilised in expository preaching is also undertaken. Certain recommendations are made, for example to broaden the basis of the exegetical method for expository preaching and also to implement a model in which the processes of exegesis, hermeneusis and homilesis each play its full part in composing expository sermons.*

## 1. Inleiding

Op die breë studieterrein van die Homiletiek vind wetenskaplike besinning vandag in besonder op twee vlakke plaas: die vlakke van die sogenaamde hermeneutiese homiletiek – en juis vanweë die besinning oor die hermeneutiese homiletiek vind daar in die jongste jare 'n herbesinning plaas oor verklarende prediking. Die navorsing op die gebied van die hermeneutiese homiletiek, byvoorbeeld dié van Craddock (1978, 1979 en 1985) asook Buttrick (1987 en 1994), Dingemans (1991) en wat Suid-Afrika betref Vos (1995), Pieterse (1979, 2001) het waardevolle bydraes gelewer en bied besliste nuwe gesigspunte wat verdiskonteer behoort te word. *Maar:* juis hierdie besinning stimuleer die herevaluering van verklarende prediking, omdat sekere kritiese vrae aan die praktyk van verklarende prediking gestel word.

So bevraagteken Buttrick (1994:82) die tema en indeling in bepaalde subhoofde in preke. Sy standpunt is dat so 'n tema en verdeling meestal van buite op die teks afgedwing word en nie vanuit die "moves and structures" van die preekteks self voortvloei nie. Die teks word sodoende as 't ware "tematisties" benader en lyk veel meer na 'n stilleweskildery sonder beweging, eerder as na 'n filmtoneeel wat "beweeg". Breuninger (1993:21) stel die kritiese vraag of dit nie eensydig is om as deurslaggewende voorwaarde vir verklarende prediking te bly vasklem aan die sogenaamde histories-kritiese eksegese nie. 'n Ander navorser stel dat nie alle voorstanders van verklarende prediking toepassing as voorwaarde vir hierdie soort prediking stel nie. So word verklarende prediking "… merely pedantic explanation, almost to the extreme of being an oral commentary" (Willhite, 1992:355).

Die uiteensetting hierbo bewys dat daar 'n wetenskaplike debat ontstaan het oor bepaalde aspekte van verklarende prediking. Hierdie debat word gevoer tussen voorstanders van verklarende prediking en voorstanders vir die implementering van hermeneutiese homiletiek.

Met hierdie artikel word gepoog om 'n bydrae te lewer tot hierdie diskussie en wel vanuit die perspektief van 'n herevaluering van verklarende prediking. Die navorsingshipotese is dat langs die weg van 'n herevaluering van verklarende prediking 'n proses of metode vir preekvoorbereiding op dreef kan kom om die Woord in die werklikheid van die jare 2001 en verder doelmatig te verkondig. Die navorsingsmetode wat gebruik word, is dié van analise (waaronder ook evaluering) en interpretasie van toepaslike literatuur. Om die navorsingsdoel te bereik, sal agtereenvolgens aandag gewy word aan die volgende perspektiewe op 'n seleksie definisies van verklarende prediking:

- toepaslike perspektiewe wat gebied word uit die geskiedenis van verklarende prediking, ook uit die resente diskussie oor hermeneutiese homiletiek;
- die daarstel van praktykteoretiese riglyne vir verklarende prediking in die huidige tyd.

## 2. Perspektiewe op 'n seleksie definisies van verklarende prediking

Wie relevante literatuur oor die definisie van verklarende prediking nagaan, kom te staan voor 'n doolhof van standpunte. Keith (1975:13-41 en 275-291) wy 'n hele proefskrif aan definisies van verklarende prediking en die wyse waarop bepaalde eksponente daarvan dit toegepas het. Hy toon aan (Keith, 1975:17) dat 'n bepaalde groep weten-

skaplikes verklarende prediking definieer as die verklaring van die Skrif (i.c. die gekose preekteks). In hierdie omskrywing word die fokus skerp gerig op die preekteks in konteks. “It is emphatically not preaching about the Bible, but preaching the Bible … It begins in the Bible and ends in the Bible and all that intervenes spring from the Bible” (vgl. Mayhue, 1990: 117 en Lawson, 2001:199-200).

Die probleem om verklarende prediking nader te definieer word verder gevoer as ’n volgende skool verklarende prediking sien as “… the art of preaching a series of sermons, either consecutive or selective, from a Bible book” (Bryson, 1995:39-40). Wat in hierdie definisie op die voorgrond staan, is dat verklarende prediking daarop gerig is om ’n Bybelboek deur te preek in ’n reeks preke.

’n Volgende definisie fokus veral op die lengte van die preekteks. Eksponente hiervan omskryf die teks vir verklarende prediking as hele hoofstukke van die Bybel, of korter gedeeltes, maar nie bloot ’n enkele vers of perikoop nie (vgl. Keith, 1975:30).

Verklarende prediking is ook meermale beoordeel op grond van die wyse waarop met die preekteks omgegaan is. Sommige voorstanders van verklarende prediking hanteer die preekteks woord vir woord, sin vir sin, vers vir vers, totdat die geheel deurgewerk is (Keith, 1975:25). Hierdie metode herinner aan die homilie wat neerkom op lopende kommentaar op elke woord of sinsnede van ’n (lang) preekteks. Hierin word gewoonlik nie genoeg aandag gewy aan bepaalde homiletiese vereistes vir die preek nie, byvoorbeeld dat die preek ’n eenheid moet vorm in sy samestelling.

’n Laaste beweging waarop Keith (1975:41) die aandag vestig, is dié van ’n prediker wat die substansie (teologie) vir die preek uit die preekteks neem, maar weinig of geen aandag wy aan die homiletiese versorging (veral ten opsigte van die toepassing) en aanbieding van die teks in die preek nie.

### Evaluering

Wat in die verskillende aangehaalde definisies van verklarende prediking op die voorgrond staan, is die sentrale plek wat die Bybel (i.c. die preekteks) inneem. In die Reformatoriese denke moet hierdie stelling positief beoordeel word. Die sentrale doel van ’n verklarende preek, naamlik dat God aan die Woord moet kom, word hierdeur op die voorgrond gestel (Allen, 2000:514-515).

Die Woord van God as bron van verklarende prediking, bied ook aan die prediker vrymoedigheid om te preek en verleen gesag aan sy prediking,

maar nie aan sy persoon nie (vgl. Swank, 1990:9-10). Ook bied verklarende prediking aan die prediker die geleentheid om die volle raad van God te verkondig oor ’n langer tyd heen (vgl. Carson, 1996:88) en nie deurentyd sy eie gunstelingtemas te preek nie.

Nie net aan die prediker nie, maar ook vir die gemeente bied verklarende prediking bepaalde voordele: dit bind die prediker aan die Woord en verhoed sodoende dat hy sy eie ompaaie in sy preke volg en dus nie bydra tot opbou van die gemeente nie. Greidanus (1988:16) wys op nog ’n voordeel, naamlik dat verklarende prediking die gemeente se kritiese funksie op preke verskerp in die sin dat die lidmate self op verantwoorde wyse besluit of hulle op ’n preek kan “amen” sê.

Om uiteindelik te kan kom by ’n sinvolle herevaluering van verklarende prediking, moet egter ook kritiese vrae gestel word oor bepaalde inhoude van die voorafgaande definisies van verklarende prediking.

Die eerste vraag raak die gebruik van die eksegetiese metode wat wyd aanvaar word vir verklarende prediking, naamlik eintlik net die sogenaamde histories-kritiese metode. Is in die alleengebruik van hierdie metode nie ’n bepaalde eensydigheid nie? Moet die eksegetiese basis vir verklarende prediking nie veel meer verbreed word met die integrering en inkorporering van meerdere erkende eksegetiese metodes nie? As voorbeelde kan genoem word die analise van die sintaktiese en semantiese struktuur van ’n preekperikoop. Wat van die sinvolle bydraes wat die literatuurwetenskap bied oor die lees van tekste? Wat van herhalingspatrone en stylfigure? Die Bybel praat immers nie net deur *wat* gesê word nie, maar ook deur *hoe* die Bybel dinge sê? (vgl. Greidanus, 1993:121-130). (In ’n aparte onderafdeling word nader op dié saak gefokus).

’n Tweede kritiese opmerking in die evaluering van bepaalde definisies van verklarende prediking het betrekking op die persoon en spiritualiteit van die prediker. In die verkende definisies word geen of min aandag aan hierdie saak gewy – en dit terwyl die bedienaar intermediêr is van die kom van God in sy Woord tot die gemeente. Die bedienaar is die eerste wat in die week met die preekteks werk. Hyself word eerste geraak – en soms verwond – deur hierdie teks, en so verkondig hy dit aan die gemeente (Pieterse, 1985:13; vgl. Mayhue, 1990:118). Is dit dan nie wenslik dat veel meer wetenskaplike aandag gewy word aan die wyse waarop die preekteks deur die verstand, gemoed en ervaringslewe van die predikant gaan en deur hom verwerk word voordat dit aan die gemeente deurgegee word nie? (Venter, 1999:187-202; Kruger & Venter, 2000:173-194; Bras, 2000:302-313).

Juis in die postmoderne era word dit meermale aan verklarende prediking toegedig dat eensydig op die rasionele oordrag van inligting gefokus word, sowel in die omgang met die preekteks as in die bediening van die preekteks aan die gemeente (vgl. Shepherd, 1998:3). Die punt van belang is dat om blote inligting deur te gee, nie ’n persoon of gemeente innerlik verander nie. “Information is not necessarily transformation” (Bugg, 1993:417; Swearingen, 1995:4).

Prediking moet deurentyd verkondig en aangehoor en toegeëien word. Hierdie aspekte raak die persoon van die prediker en die werk van die Heilige Gees in sy hart. Juis daarom kan gesê word dat ’n preek wat sowel die prediker as die gemeente innerlik verander “... is not something that can be chartered in a homiletics book” (Bugg, 1993:417). Dit is dus noodsaaklik dat dit vir die gemeente waarneembaar is op watter wyse die prediker met die Woord omgaan, hoe die Woord hom gegryp het, wat die Woord hom aangedoen het en hoe hy dit alles aan die gemeente deurgee.

’n Laaste kritiese vraag wat hier in die evaluering van bepaalde definisies van verklarende prediking aangeraak word, is dié oor die stelling dat in verklarende prediking die preekteks nie sterk, of nie sterk genoeg nie, toegepas word in die wêreld, en in die omstandighede en persoonlike geloofslewe van lidmate nie (Willhite, 1992:359-360; York & Blue, 1999: 70; Chapell, 1995:5).

Dat toepassing in ’n verklarende preek (kan) ontbreek, bly vreemd. Die Woord van God het ’n inherente krag, is gerig op die werklikheid van alle tye en op die lewe van gelowiges in hierdie werklikheid. Hierdie gerigtheid van die Woord is baie duidelik as daar gelet word op die struktuur van Paulus se briewe. Die Efesiër-brief begin met ’n diepsinnige beredenering van God se uitverkiesing as fondament van die kerk. In die slotgedeelte van die brief word dan oorgegaan tot vermaning op grond van God se uitverkiesing. Hierdie vermanende gedeelte vloei voort uit die eerste fundamentele deel en raak die totale lewe van die gemeente in sy geheel, met toespitsing op kommunikasie, onderlinge verhoudinge in die gesin en die hantering van die wapenrusting van die gelowige.

’n Volgende toepaslike voorbeeld is Romeine 12. Op grond van God se ontferming word die geregverdigde gelowige (Romeine 1:17) vermaan om hom-/haarself aan God toe te wy as lewende dankoffer (soos prakties uiteengesit in Romeine 12:9-21). Verklaring en toepassing word saam opgeneem in die een beweging van die Woord wat die werklikheid binnedring – soos wat vuur yster deurgloei.

In die lig van bogenoemde verkenning en evaluering van ’n seleksie definisies word vir die doeleindes van hierdie artikel onder verklarende prediking die volgende verstaan: die bediening van ’n bepaalde kleiner of groter gedagte-eenheid uit die Skrif (i.c. preekteks) wat deur die prediker self deurleef is en sodoende op die gemeente in hulle konkrete situasie gerig word.

## 3. Perspektiewe uit die geskiedenis van die prediking

Perspektiewe uit die geskiedenis word vir ons doeleindes ingeklee as basisteoretiese perspektiewe uit die tradisie van die prediking. Die motivering vir die kursoriese aanbieding uit die geskiedenis van die prediking is enersyds om te bepaal waar die wortels van verklarende prediking lê en andersyds om vas te stel of daar ’n bepaalde patroon gevolg is in die samestelling van verklarende preke.

Mayhue (1990:6) bied in hierdie opsig ’n insiggewende greep uit die geskiedenis as hy stel dat “all biblical preaching has the backdrop of the preaching recorded in Scripture and must trace its roots to this source”.

Na Deuteronomium 31-33 word meermale verwys as eerste voorbeeld van verklarende prediking. Ook Josua 23 en 24 word beskou as verklarende prediking waarin op die voorgrond staan die “... finely rhetorical use of historical narrative, animated dialogue and imaginative and passionate appeal” (Mayhue, 1990:8).

Veral die prediking van Esra in die boeke Esra en Nehemia word beskou as ’n bepaalde model van verklarende prediking en Esra as “an expositor of the Word for the community of the faithful” (Deuel, 1991:128). By ’n nagaan van Esra 7 en Nehemia 8 in die 1983 Afrikaanse vertaling word dit duidelik dat ’n bepaalde klem op die persoon van die prediker gelê word: “Esra het hom *gewy* aan die wet van die Here” (gewy beteken hier dat Esra sy hart daarop gesit het, dit was ’n passie vir hom). Hy wou dit in die praktyk toepas en Israel elke voorskrif en bepaling leer (Esra 7:10). Esra wou die wet interpreteer en leer. Hierdie proses het bestaan uit *lees*, *verstaan*, *uitlê* en *verklaar* “... sodat die mense kon *verstaan* wat gelees word” (Nehemia 8:8). Hier is reeds die kernelemente van verklarende prediking te vind: lees, self verstaan wat gelees is, interpreteer met die oog daarop dat die gemeente sal verstaan.

In die Nuwe Testament vind ons iets van ’n soortgelyke patroon in die ontmoeting tussen Jesus en die Emmausgangers. In Lukas 24:27 staan: “... Hy het al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het vir hulle *uitgelê*”. En in vers 32 word vervolg: “Het ons hart nie warm geword toe Hy op pad met ons *gepraat* en vir ons die Skrif *uitgelê* het nie” (Lukas

24:32). "The opening of the Scriptures expresses the concept of revealing the full implications of something (as in opening a door wide to show what is inside" (Chapell, 1995:4). Ander sodanige voorbeelde kom voor in 1 Timoteus 4:13 en 2 Timoteus 4:2.

Dieselfde elemente kom na vore in die Hebreër-brief waarin ons waarskynlik te doen het met 'n geïnspireerde, verklarende preek tot opbou van die gemeente. Die tema van die Hebreërpreek kan soos volg weergegee word:

*Ons het reeds in Christus die heerlike dinge beleef – volhard dan nou soos dit erfgename van die volmaakte erfdeel betaam.*

Die breë struktuur van die preek kan soos volg uiteengesit word:

| | |
|---|---|
| Hoofstuk 1:1-4 | Inleiding (preekfondament). |
| Hoofstukke 1:5 – 10:18 | Verklaring met afwisselende toepassing. Die fokus val hier op dit wat ons reeds in Christus het. |
| Hoofstukke 10:19 – 13:19 | Toepassing met die klem op volharding. |
| Hoofstuk 13:20-21 | Preekslot. |
| Hoofstuk 13:22-25 | Slot van begeleidende brief by die preek. Dit was 'n preek ter bemoediging (Coetzee, 1985:25-27; vgl. Venter, 1986:8). |

As die geskiedenis direk na die Bybelse tyd nagegaan word, moet in ag geneem word dat in vakliteratuur min omvattende inligting bestaan oor die geskiedenis van die prediking, spesifiek dan oor verklarende prediking (Dargan, 1974:35; Stitzinger, 1992:5)). Tog kan enkele lyne getrek word.

Dargan (1974:36) stel dat die prediking in die eerste ongeveer 250 jaar na Christus bepaalde kenmerke vertoon het. Die eerste was dat die prediker in 'n bepaalde verhouding tot die gemeente gestaan het, die tweede kenmerk was dat preke 'n bepaalde inhoud gehad het en die derde dat preke op 'n sekere wyse gekommunikeer is. Dit is opvallend dat reeds in hierdie vroeë tydperk van prediking 'n bepaalde plek in preke toegeken is aan die plek van die hoorders en ook aan die wyse van kommunikasie. Die vraag kan dus met reg gestel word waarom en wanneer in die geskiedenis die klem later (eensydig) verskuif het na die behandeling van net die inhoud van die preek – hoe belangrik dit ook al mag wees.

Dit blyk ook uit die geskiedenis van verklarende prediking dat die aspekte van verstaan en verklaar van die Skrif meermale op die voorgrond getree het. Hierdie elemente ontvang later meer aandag in die Antiocheense en Aleksandrynse skole van Skrifverklaring. Die bepaalde metode wat hiervoor gebruik is, was die allegoriese en letterlike verklaring.

In die tyd van die Hervorming word ook geworstel met die metode van Skrifverklaring. Die naam grammaties-historiese eksegese, ’n metode wat tot vandag toe ’n belangrike plek inneem in die verstaan en verklaarproses, is uit die Hervorming gebore (vgl. Bruce, 1979:30-34).

**Evaluering**

- Dit blyk dat reeds in die Bybelse tyd bepaalde grondstrukture vir verklarende prediking vasgelê is, soos wat dit na vore kom in sekere herhalende begrippe in die Ou en Nuwe Testament: voorlees, uitlê, verstaan, weergee, begryp (Skrifte), open, praat, verkondig. In die lig hiervan kan krities gevra word hoe sekere preekdefinisies en preekpraktyke buite hierdie begrippe om dan tog later in die kerke inslag kon vind.
- Die legitimiteit van die grammaties-historiese wyse van Skrifverklaring kan nie betwyfel word nie, maar die feit dat meerdere erkende metodes van Skrifverklaring nie in die eksegese verdiskonteer is nie, het gelei tot ’n skraler inhoud in goedbedoelde verklarende preke.

## 4. Perspektiewe uit die nuwere homiletiek

In hierdie onderafdeling word aandag gewy aan die werk van Craddock en Buttrick.

**Craddock**

Navorsers is grootliks eenstemmig dat die geboortejaar van die nuwere homiletiek in 1979 aanbreek met die verskyning van Craddock se werk *As one without authority: Essays on inductive preaching*, gevolg deur sy boek van 1985: *Preaching* (vgl. Allen, 2000:509). In genoemde twee bronne werk hy sy gedagtes vir vernuwing in die prediking nader uit.

Die invalshoek vir die denke van Craddock is die sterk afwys van die deduktiewe metode van preek. Volgens hierdie metode word in die preek beweeg van ’n algemene waarheid (’n bepaalde tema) na ’n nader uitgewerkte toepassing of ervaring (Craddock, 1979:54-55). Craddock se groot punt van kritiek is dat die deduktiewe preekmetode nie reg laat geskied aan die Skrif (die preekteks) nie. Die tema waaroor in deduktiewe prediking gehandel word, mag of mag nie uit die Skrif kom

nie. Die Skrif word in deduktiewe prediking oorwegend net as illustrasiemateriaal gebruik. So word die gesag van die Skrif misken (vgl. Eslinger, 1989:95-96) – en so bring die prediker ook by die gemeente die gesag van die Skrif in gedrang. Boonop maak die deduktiewe wyse van preek die gemeente passief. Hulle moet net rasioneel instem met die preek, maar is nie aktief betrokke en meewerkend in die preek nie (Craddock, 1979:56). ’n Volgende element in Craddock se kommentaar is dat die deduktiewe preekmetode nie ruimte laat vir die “structure and movement” in die preekteks self nie (vgl. Eslinger, 1989:06). Omdat die tema en indeling van buite soos ’n dwangbuis op die preekteks afgedwing word en nie organies uit die preekteks self voortvloei en verdiskonteer word nie, is die enigste “move and structure” wat verdiskonteer word, die oorgang tussen die onderafdelings in die preek.

Afgesien van aandag aan die deduktiewe preekmetode, wy Craddock ook besondere aandag aan die aspek van taalgebruik in die prediking (1979:196-209). Sy kommentaar is dat taal, dus ook preektaal, mettertyd verstar. Dié taal kon dalk wel in ’n vroeër tyd gekommunikeer het, maar kan as preektaal later gestolde taal word (vgl. Allen, 2000:512-513). Juis daarom moet veel meer klem gelê word nie net op wat ’n preekteks *sê* nie, maar ook op wat ’n preekteks *doen*, eerstens aan die prediker en dan aan die gemeente (Craddock, 1979:123-124). Om hierdie rede moet in ’n tyd waarin die konkrete en visuele so sterk op die voorgrond staan, ook veel meer aandag gewy word aan die ontginning van die narratief en ook aan die funksie en gebruik van metafore en simbole (vgl. ook Dingemans, 1991: 125).

Wat stel Craddock dan teenoor die deduktiewe wyse van preek? Die induktiewe metode, met as doel om ’n “ervaring” by die hoorder te skep? Dalk om as prediker ’n lidmaat te begelei in sy of haar aanhoor van die preek en in die reaksie op die preek – juis omdat lidmate oorversadig is van blote, verstarde tematiese prediking (ook van verklarende prediking)? (vgl. Allen, 2000:509).

**Evaluering van Craddock se gesigspunte**

- Dit is duidelik uit Craddock se kritiek dat hy met die term deduktiewe prediking op die oog het wat vroeër in die homiletiek bekend gestaan het as tematiese (tematistiese?) prediking. Hierdie soort prediking het ’n algemene tema gekies – meestal buite die preekteks om – en sodoende van buite af die tema aan die teks opgedwing of die teks bloot as illustrasie gebruik. So is die teks gestol of hoogstens laat sê wat dit nie wou sê nie. Craddock se kritiek op hierdie soort prediking is legitiem. Hierdie soort prediking moet egter onderskei word van

verklarende prediking waar noukeurige eksegese gedoen is en die tema van die preek vanuit die teks vir vandag geformuleer word.

- Waarvoor Craddock wel (opnuut) die oë oopmaak, is dat in die eksegese – en dus ook in die preek – sterk rekening gehou moet word met die “moves and structures” van die teks self (vgl. ook verder aan by die behandeling van Buttrick se standpunt).
- Dit moet waardeer word dat Craddock so ’n prominente plek aan die gemeente gee en moeite doen om hulle aktief te betrek en mee te neem in die prediking uit die Skrif. Dit is ook duidelik dat Craddock die Skrif ernstig opneem in die prediking. Prinsipieel is sy standpunt tereg dat die gemeente ’n preek behoort te ervaar en nie net rasioneel moet instem met wat in die prediking gesê word nie. Miskien kan dié opmerking tog hier gemaak word: kan die oorbeklemtoning van die induktiewe preekmetode nie die gemeente lei tot ervaring om te kom by die openbaring nie, in plaas van te kom by ervaring op grond van wat God in die spesifieke preekteks openbaar nie?
- Dit is inderdaad so dat in die hedendaagse homiletiek besondere klem geplaas word op metaforiese taal en ook op die funksie van die narratief. Hierdie beklemtoning open verreikende en verrykende perspektiewe vir die prediking en geen prediker of homileet behoort sy oë hiervoor te sluit nie. Die kritiese vraag sou egter wel gestel kan word of genoeg rekening gehou word met die feit dat die narratief ’n bepaalde genre is en as genre ook draer van ’n bepaalde kerugma is. Kom dié aspek genoegsaam tot sy reg in die induktiewe wyse van prediking? Word daar nie soms – ter wille van die ervaring van die preek – eensydig klem gelê op die identifikasie van die gemeente met ’n bepaalde figuur of figure in die Bybelse narratief nie? Kom die element van Godsopenbaring in ’n preek só genoegsaam tot sy reg?

**David Buttrick**

’n Tweede eksponent van die nuwere Homiletiek is David Buttrick. Dit is veral in sy werk van 1987: *Homiletic moves and structures* dat hy sy nuwe perspektiewe uitspel en in *The captive voice: The liberation of preaching* (1994) waarin hy sy beskouing van prediking vir vandag weergee, ook in aansluiting by Craddock.

In die motivering van sy vernuwende denke, stel hy dat die vroeëre metode van preek verouderd is:

> … we distilled topics from biblical passages. We looked at some selected biblical passage objectively and then, as if the passage were a still-life picture, we took out something to preach on, namely

> a subject matter, some aspect of the passage as a topic (Buttrick, 1994:80).

Wat het in hierdie proses verlore gegaan? "Why, we lost the whole story. We discarded both narrative structure and, in non-narrative passages, the rhetoric of a structural movement" (Buttrick, 1994:82). Vir Buttrick is die kardinale saak dat preektekste "display movement of thought, events or image" (Buttrick, 1994:87). Juis om hierdie rede moet in die homiletiese proses gesoek word na die teologiese beweging van die teks deur te let op die karakters in die teks. Deur hulle en rondom hulle word die plot in die teks gekonstrueer en word die onderliggende teologie of intensie van die teks vasgestel in die teks se eie logika (vgl. Dingemans, 1991:112). Maar omdat die bewussyn van die Bybelse figure en die bewussyn van die hedendaagse lidmaat verskil, moet in die homiletiese verwerking van die teks gevra word waar en hoe die lidmaat van vandag hom/haar kan herken in die beweging van die preekteks en waar hulle analogieë kan vind om hulle eie geloof te belewe ("analogies of experience"). Ook moet vasgestel word waar in die preekteks blokkeringe ("congregational blocks") voorkom – dit wil sê op watter plek staan die hedendaagse hoorders buite die verstaanproses deur 'n gebrek aan inligting en waar word hulle emosioneel geblokkeer (Dingemans, 1991:112).

Elke preekperikoop het sy bepaalde logika en intensie. Daarom is dit van kardinale belang dat in die homiletiese proses gevra word waarom die Bybelskrywer 'n bepaalde literêre vorm gekies het en hoe hy dit gebruik het in sy skryfaksie. Wat is die "Wirkungsgeschichte" van die vorm? Wat wou die skrywer daarmee bewerk? (Eslinger, 1989:137). Om grond te vat in die bewussyn van die lidmaat van vandag, moet juis noukeurig gelet word op die bewegings ("moves") in die preekteks, terwyl die beweging in die preek self analoog moet wees met dié in die teksverse. "Preaching is replotting the plot of the text" (Buttrick, 1994:86). Hierby moet in gedagte gehou word dat "replotting" nie 'n meganiese proses is nie, maar loop langs die weg van die "moves and structure" van die preekteks – juis omdat dit gaan om "geloofservaring" wat oorgedra word (vgl. Dingemans, 1991:115).

Om die bewussyn van die hedendaagse mens dan binne te dring, moet konkretisering plaasvind deur 'n soortgelyke moderne plot in die preek te gebruik in ooreenstemming met dié in die preekteks.

## Evaluering

- Die klem wat Buttrick lê op die feit dat taal nie staties is nie, maar bepaalde "moves and structures" bevat en 'n performatiewe aard het, verdien indringende aandag van eksegete met die oog op die

preekmaakproses en van homilete met die oog op inkorporering in preke.

- Dit is egter noodsaaklik dat 'n metode gevind word om die analise van "moves en structures" so gekontroleerd moontlik te maak, anders kan dit bloot op die aanvoeling, ingewing of ervaring van die prediker berus. As 'n begin kan die gedagtestruktuuranalise van Louw (1979:1-10), soos verder verfyn en toegepas deur Coetzee (1986:1-6), goeie insigte bied (vgl. verder aan by die behandeling van riglyne vir die praktyk).
- Die hele analiseringsproses van "moves and structures" en die oordra daarvan in die homiletiese veld, moet gebalanseerd beskou en hanteer word. Vasstelling, ontginning en ontleding van alle genres in preektekste is 'n bepaalde onderdeel van die prosesse van eksegese en hermeneuse. 'n Onderdeel (byvoorbeeld die narratief) moet gedeë aandag ontvang, maar nie verhef word tot die een en al in die preekproses nie. Per slot van sake is elke genre 'n "draer" van die kerugma van die preekteks.
- Kan elke preekteks ontleed word vanuit "moves and structures"? Is dit altyd moontlik in wysheidsliteratuur wat praktiese lewenswysheid verkondig of Psalms wat 'n weerklank is van 'n digter se ervaring van nood, gevaar of van God se sorg en bystand?

## 5. Perspektiewe op die metodiek van verklarende prediking

Meer outeurs vat die oorkoepelende metodiek vir die maak van verklarende prediking saam onder enkele kernbegrippe. Holgate (1993:232) vat die kernmomente so saam: "The first is to work at understanding the biblical passage we are to preach on, and the second is to express that understanding creatively in a way that our hearers will appreciate and remember".

Bugg (1993:417) werk met drie vrae as oorkoepelende skema in die metodiek van verklarende prediking. Hy verwoord dit as: Wat sê die teks? Wat sê die teks aan my? Wat sê die teks deur my aan die gemeente?

Chapell (1995:6) omlyn die metodiek vir verklarende prediking as "Word presentation, explanation and exhortation" op grond van hierdie driedeling in die struktuur van prediking in die Nuwe Testament.

As oorsigtelike komponente in die preekmaakproses is hierdie gegewens waardevol. Vir die praktyk van verklarende prediking is 'n veel omvattender aanduiding van riglyne egter nodig – riglyne waarin nie net bepaalde stappe vir die praktyk voorgestel word nie, maar waarin ook die

persoon van die prediker en die situasie van die gemeente meer tot sy reg kan kom (vgl. Buttrick, 1987:173-234).

Hierdie riglyne moet nie as ’n rigiede patroon vertolk word nie, maar eerder as prosesse wat nou verwant is en mekaar soms oorvleuel. Hierdie prosesse kan saamgevat word as die aksies van eksegese, hermeneuse en homilese.

Met die proses van eksegese word bedoel die werk van die prediker om vas te stel wat ’n Bybelskrywer bedoel en gekommunikeer het in die verlede (toe-daar) aan die eerste lesers, wat sy doel was en hoe hy dit gedoen het (vgl. Chapell, 1995:4). Juis hierom moet die proses van eksegese nie net met die sogenaamde histories-kritiese metode van eksegese werk nie, maar van meerdere erkende eksegetiese metodes gebruik maak om te kom by wat in die gedagte van ’n bepaalde skrywer geleef het. Leidende hermeneutiese beginsels moet wees: geen skrywer skryf om nie verstaan te word nie en die Bybel self is deursigtig. “A text cannot mean, what it has not meant” (Robinson, 1997:23).

In die gemoed en gedagte van ’n prediker val die tweede aksie in die proses van preekmaak – dié van hermeneuse – grootliks saam met die eerste, naamlik die proses van eksegese. Met hermeneuse word nie in eerste instansie hermeneutiek bedoel nie. Hermeneutiek het vandag op die oog die bestudering van die aksie van verstaan van tekste. Met hermeneuse word hier meer bedoel die (verklarende) oorbring van die teks uit die verlede na die hede, in die bepaalde omstandighede wat in die hede geld. Die proses van hermeneuse is ’n beweeg van die teks uit die verlede na en óór ’n brug na die hede. Op die brug ontmoet die teks uit die Woord en die teks uit die lewe mekaar. Hier vind ’n hermeneutiese wisselwerking plaas tussen teks en (huidige) werklikheid en so kom die eeue-oue boodskap oor na vandag (vgl. Venter, 1996:15; Holgate, 1993: 232; Müller, 1996:62-63).

Die derde aksie in die proses van verklarende prediking is die homilese. Hiermee word bedoel dat vanuit die verklaring van die teks, oor die brug van hermeneuse heen, aan die preek, vanuit die struktuur en beweging van die gekose preekteks, vorm gegee word met die oog op die gemeente van vandag.

## 5.1 Die proses van eksegese in die voorbereiding vir verklarende prediking

Vooraf moet gestel word dat die eerste vereiste in die hele proses van eksegese, hermeneuse en homilese dié is van gebed (vgl. Holgate, 1993:233; Mayhue, 1990:121). Die motivering hiervoor is dat die Heilige

Gees die eerste Outeur van die preekteks is en dat Hy die beste weet wat Hy deur die skrywer aan die eerste lesers wou kommunikeer (vgl. Bugg, 1993:16). In Romeine 8 word die werk van die Heilige Gees besonderlik aan die gebed verbind. Die Heilige Gees wil gevra word wat sy bedoeling met 'n bepaalde teks is. Hierby kom nog dat die eksegeet, al is hy 'n wedergeborene, tog nog sit met beperkte insig en met 'n sondige hart – daarom die gebed om selfontlediging en nederigheid (Blackwood, 1982:55).

- **Tekskeuse**

  Verklarende prediking hoef nie 'n hele Bybelhoofstuk as preekteks te neem nie, ook nie tien tot vyftien Bybelverse nie. Die vereiste vir die tekskeuse is dat dit 'n bepaalde afgeronde groter gedagte-eenheid moet wees waarin Godsopenbaring saamtrek. 'n Preekteks is 'n deur, maar dan 'n baie spesifieke deur tot die sentrale inhoud van die hele Skrif.

- **Die eerste lees van die teks**

  Die eerste lees en herlees van die preekteks behoort in die moedertaal van die prediker plaas te vind.

  > All faculties of the mind and heart are open, with no concern for what one ought to think, much less what one will say later in the sermon. This is the time to listen, think, feel, imagine and ask (Craddock, 1985:105).

  Holgate (1993: 232) wys ook daarop dat elke gesigsdeel van die prediker as 't ware betrek word in die proses van verstaan: die oë (lees, verstaan, studeer), neus (krities wees teenoor jouself), ore (luister na jouself, die kerk die wêreld), mond (artikuleer) en die hart (deurentyd in gebed om te verstaan).

  Dit is juis op hierdie vlak – voordat die formele eksegese begin – dat die persoon en spiritualiteit van die prediker, sy voorveronderstellings, die diepte van sy eie geloofslewe en sy omgaan met die Skrif in visier kom. Dit gaan om die werk van die Heilige Gees in die hart van die prediker. "As the expositor studies the Bible the Holy Spirit studies him" (Robinson, 1982:24).

  Juis daarom moet die prediker tydens hierdie eerste herlees van die teksgedeelte telkens die vraag stel: Wat sê hierdie gedeelte aan my, in my eie verhouding tot God? Waar raak en verwond hierdie teks my? Waar vertroos hierdie teks my? Hoe kan ek dit wat die teks aan my doen, deurgee aan die gemeente? (Vgl. Venter, 1999:191 e.v.; Kruger & Venter, 2000:185 e.v.)

- **Formele eksegese van die preekteks**

  Vooraf kan hier gestel word dat ’n omvattende eksegetiese paradigma tans nog ontbreek. Verskillende eksegetiese metodes lei tot verskeie blikrigtings op die teks. Die sogenaamde histories-kritiese benadering het vir lank – met variasie – gegeld as die (enigste?) gangbare metode in verklarende prediking. Later volg die meer literêre benaderings, byvoorbeeld diskoers-analise, resepsieteorie en semiotiek (Vos, 1995:229-234). In hierdie verband pleit ook Long (1994:7) dat meer aandag gewy word aan die performatiewe aard van taal.

  > In a biblical text something is said in order to accomplish some purpose; texts are inserted in social systems with the intention of levying a force on those systems to create change. Meanings in texts occur at the intersection between what is said and the forceful intention embodied in the language of the text.

  Uit die ondersoek tot hier kan gestel word dat in verklarende prediking tot onlangs min aandag gewy is aan die literêre vorme van preektekste. “Hence much of their expository work has lacked clarity and interest, beauty and force” (Blackwood, 1982:123).

  Dié stelling hou in dat in verklarende prediking dringend aandag gegee moet word ook aan literatuurwetenskaplike metodes in die eksegese. Hierby kan ook gevoeg word die waarde van die sogenaamde sosiologiese eksegese waarin vrae gestel word soos: Wie was die mense aan wie die eerste teks gerig is? Wat was hulle godsdienstige, sosio-kulturele, politieke en ekonomiese kontekste? Wat was die interpersoonlike verhoudings in daardie gemeenskap en wat was die kenmerkende struktuur van die sosiale relasies? (Vos, 1995: 239).

Die volgende stappe kom nou verder aan die orde in die eksegetiese proses.

- **Vasstelling van die genre van die teks**

  Genre “… provides clues to the potential effect of the text” (Long, 1994:9). Dit hang saam met wat hierbo gesê is oor literêre vorm. Daar kan in die Ou Testament byvoorbeeld narratiewe tekste, profetiese en liriese tekste onderskei word (Greidanus, 1988:200) en in die Nuwe Testament evangelies, geskiedskrywing, briewe en apokalips (Vos, 1995:274).

- **Skopus van preekteks**

  Hier moet die enger en wyer skopus van 'n preekteks onderskei word. Wyer skopus vra na die plek van die bepaalde preekteks binne 'n Bybelboek, binne 'n onderafdeling van die Bybelboek en binne 'n bepaalde groter eenheid (byvoorbeeld 'n hoofstuk) van 'n Bybelboek. Van belang is dat die tema van 'n Bybelboek vasgestel word. Dit is die sentrale gedagtegang van 'n skrywer met die boek wat hy geskryf het. Die *nadere* of enger skopus weer word bepaal deur die perikoop waarbinne die preekteks staan, in groter gedagte-eenhede te verdeel en te vra deur watter gedeeltes word die spesifieke preekteks voorafgegaan en gevolg (Thompson, 1987:59). Verbindingswoorde soos byvoorbeeld *want*, *daarom*, *dan*, speel 'n kardinale rol in die verklaring.

- **Struktuur van die preekteks**

  'n Preekteks staan nie net in 'n bepaalde wyer en enger skopus nie, maar word ook in 'n bepaalde sintaktiese struktuur gegiet sodat die skrywer die doel wat hy voor oë het, kan bereik (Venter, 1996:18).

  Nie net die sintaktiese struktuur nie, maar ook die semantiese struktuur (deur sommige gedagtestruktuur), is van belang vir die verstaan van 'n teks (Louw, 1979:99 e.v.). Hierin word veral gefokus op die oppervlaktestruktuur om bepaalde kontoere in byvoorbeeld die perikoop of hoofstuk waaruit die preekteks kom, vas te stel.

  Coetzee (1983:2) praat van gedagtestruktuur waarin byvoorbeeld 'n bepaalde perikoop herskryf word met net een werkwoordstuk of -komponent in 'n bepaalde reël. Só kan die teks in sy wyer kontoere en beweging gesien word, byvoorbeeld ten opsigte van herhalingspatrone, parallellismes, omgekeerde parallellismes, ook stylfigure. Hierdie metode bied 'n kontroleerbare wyse vir vasstelling van wat Buttrick noem die "moves and structures" in 'n preekteks. Daar sit lewe en beweging in 'n preekteks en gedagtestruktuurontleding laat die eksegeet by hierdie dieptestruktuur via die oppervlakstruktuur uitkom.

- **Kernbegrippe in 'n preekteks**

  'n Bepaalde begrip het nie altyd en oral presies dieselfde betekenis in 'n preekteks nie. Daar kan wel seker van 'n kernbetekenis gepraat word, maar die betekenis van 'n begrip (byvoorbeeld genade, geregtigheid, liefde) in 'n preekteks word grotendeels bepaal deur die plek waar die uitdrukking of begrip gebruik word. Sinkroniese en diakroniese analise van begrippe in die preekteks is 'n belangrike deel van die eksegetiese proses.

- **Die telos van die preekteks**

  As uitloop van die eksegetiese proses moet die prediker die vraag stel: Wat was die doel van die Heilige Gees om hierdie preekteks in hierdie hoofstuk van hierdie Bybelboek te laat inskryf? Wat wou die Heilige Gees kommunikeer? Wat wil die Heilige Gees bewerk met hierdie teks in my hart en in hierdie gemeente? Sulke vrae bring 'n mens by die unieke van elke preekteks. Daarsonder word 'n preekteks veralgemenend en stomp gebruik (Chapell, 1995:4). Die bepaling van die doel van die Heilige Gees met 'n bepaalde preekteks stel ook die doel van die prediker met sy preek. Immers: die prediker se doelstelling met sy preek mag tog nie verskil van die doel van die Heilige Gees met die teks nie. Adams (1982:31) onderskei drie algemene doelstellings van preektekste "… to inform, to convince (to believe or disbelieve) or to motivate" (Adams, 1982:31).

## 5.2 Die proses van hermeneuse in die voorbereiding van die verklarende prediking

Soos reeds gestel, hou die proses van hermeneuse in dat die teks uit die Woord nader beweeg na die teks uit die lewe en die teks uit die lewe nader beweeg na die teks uit die Woord. Hierdie ontmoeting vind plaas op die brug van die hermeneuse. Hier vind die hermeneutiese wisselwerking tussen die twee tekste (uit die Woord en uit die lewe) plaas en verander die teks uit die Woord die teks uit die werklikheid.

Die kernvraag in die proses van hermeneuse is: watter lyne loop vanuit die preekteks deur na die wêreld en omstandighede van ons tyd? Strydom (1989:23-37) noem as kontinue lyne die fundamentele eenheid in die kanon van Ou- en Nuwe Testament, die trinitariese aard van die Godsopenbaring en die kerugmatiese karakter van die Bybelse geskiedenis.

Die enkele grootste kontinue lyn tussen Ou en Nuwe Testament lê in God Drie-enig. Dit is een en dieselfde God wat Homself in die konteks van die preekteks openbaar, wat nou weer die mens van vandag in sy konteks in en deur dieselfde preekteks aanspreek. In die proses van hermeneuse is die kernvraag dus wat God van Homself in hierdie preekteks openbaar (byvoorbeeld van sy skepping en onderhouding (Vader)), van sy verlossing (in Christus) en wat werk hierdie teks in die harte van prediker en gemeente (Heilige Gees).

Die volgende kontinue lyn kan beskryf word as "… the depravity factor" (die verdorwenheid van die mens). "… God remains the same and human depravity remains the same. Our depravity may look different, but it's the same pride, obstinacy, disobedience" (Robinson, 1997:24). Waar

en hoe kom die lyn van verdorwenheid van die mens na vore in hierdie teks as 'n kontinue lyn?

Die derde aspek wat na vore kom in die proses van hermeneuse, is die dimensies van indikatief en imperatief. God openbaar Hom nie net in die Skrif nie. Hy openbaar Hom dikwels deur die struktuur van indikatief, imperatief en belofte in die Skrif. Die indikatief dui God se totale werk oor sy skepping aan, die imperatief dui aan wat God van prediker en gemeente eis op grond van sy (God se) dade in die lewe van die gemeente (vgl. Cilliers, 2000:46-81). Die belofte-element bevat God se betroubare belofte van seën, maar ook sy belofte van straf (Venter, 1996:22).

Die balans tussen indikatief, imperatief en belofte in 'n verklarende preek is noodsaaklik. Indien net die indikatief gepreek word, kan dit die gemeente fatalisties aan die slaap sus. Indien die imperatief los van die indikatief gepreek word, word verval in moralisme (wet los van genade). Indien die belofte-element eensydig gepreek word, word miskien só op die eskatologiese dimensie gefokus dat die lewe en situasie van die gemeente hier en nou eintlik buite rekening gelaat word.

### 5.3 Die proses van homilese in die voorbereiding van verklarende prediking

Vroeër in hierdie onderafdeling is homilese omskryf as die vormgewing van die preek ná en op grond van die prosesse van eksegese en hermeneuse.

In hierdie laaste onderafdeling kan – gesien die omvang van die artikel en die groot hoeveelheid beskikbare materiaal – nie op elke aspek van die vormgewing ingegaan word nie, aspekte soos oordrag van die preek, terugvoer en so meer nie. Hier gaan gefokus word op aspekte in die vormgewing soos dit uit die verloop van hierdie navorsing na vore gekom het en wat as belangrik beskou word vir die vormgewing van verklarende prediking.

- **Tema**

  Die tema word vasgestel vanuit die telos van die Heilige Gees met 'n bepaalde preekteks in 'n spesifieke Skrifgedeelte. Die tema vir 'n verklarende preek kom nie van buite af as 'n dwangbuis op die preekteks af nie, maar is 'n samevatting van die kerugma van die teks in die taal van die hede. Hiermee word bedoel dat die tema nie by die proses van eksegese moet vassteek nie, maar oor die brug in terme van vandag geformuleer moet word.

- **Inleiding**

  Die doel van die inleiding van ’n verklarende preek is om so gou moontlik te kom by die behandeling van die preektema vanuit die preekteks. Die eerste sin is belangrik om die aandag van die hoorder vas te vang, maar moet nie dramaties of skokkend geformuleer word nie. ’n Goeie beginpunt in aktuele verklarende prediking is om te begin in die lewenswêreld van die gemeente, byvoorbeeld met ’n aktuele vraag.

- **Indeling**

  ’n Preekstruktuur vir verklarende prediking hoef nie noodwendig ’n indeling in twee of drie punte te bevat nie. Die indeling moet logies uit die teks as “moves and structures” in die preekteks self voortvloei en so aan die gemeente gekommunikeer word. Daar moet in gedagte gehou word dat struktuur in ’n preek ’n dienende funksie het vir die gemeente en nie ’n dwangbuis moet wees op die preekteks nie.

- **Toepassing**

  In die toepassing word die wisselwerking tussen die preekteks uit die Woord en die omstandighede van die gemeente konkreet vir die gemeente geformuleer.

  Die volgende vrae kan hier gestel word:

  – Wat is die spesifieke situasie van die gemeente?
  – Watter taal en beelde is deel van hulle leef- en werkwêreld en hoe kan dit aangewend word in die preek?
  – Watter geloofsagterstande beleef die gemeente nog en watter aanvulling tot groei in die geloof moet bygevoeg word?
  – Tot watter keuse moet hierdie preek die gemeente bring?
  – Wat is die toepassingsvlak van die preekteks in en vir die persoonlike geloofslewe van die gemeente; die situasie in die kerk; die vraagstukke in omgewing, land, wêreld, en vir die koninkryk van God.

- **Slot**

  Die slot moet nie nuwe materiaal bevat nie, maar ’n kernsamevatting van die *kerugma* van die preek en op dié wyse die gemeente vanuit die erediens in die kerk uitstuur na die erediens in die lewe.

- **Kongruensie**

  Van oorkoepelende maar kardinale belang in die vormgewing van verklarende prediking is die vereiste van kongruensie (ooreenstemming) tussen wat in die eksegese blootgelê, in die hermeneuse verdiskonteer en in die preekvormgewing realiseer. Indien hierdie kongruensie ontbreek, byvoorbeeld tussen uitleg en toepassing, ly die eenheid van die preek skade en dring die Woord die werklikheid nie binne volgens die bedoeling van die teks nie. Dieselfde kongruensie moet loop deur die formulering van tema, inleiding, indeling (eerder beweging) in en vanuit die teks en die slot heen.

## 6. Samevattende stellings

Op grond van die herevaluering van verklarende prediking word die volgende kernstellings nou geformuleer:

- Verklarende prediking vertoon die grondstruktuur van preke in die Ou en Nuwe Testament.
- Verklarende prediking eerbiedig die gesag van die Woord en begelei sodoende ook die gemeente in hulle omgang met die Woord.
- Die oorheersende eksegetiese metode wat in verklarende prediking funksioneer (het?), die sogenaamde histories-kritiese metode, moet verbreed word om meer reg te laat geskied aan die verstaan van die preekteks in die gemeente.
- Die persoonlike omgang van die prediker met God en met die Bybel moet in verklarende prediking duidelik deurkom na die gemeente. Ook wat die preekteks aan hom/haar gedoen het.
- Die modi waarvolgens te werk gegaan kan word vir die maak van verklarende preke, is dié van eksegese, hermeneuse en homilese.
- Die taal, situasie, agterstande en keuses wat die gemeente moet maak, bepaal die gerigtheid van die toepassing vanuit die preekteks.

# Bylae

## Praktiese riglyne vir die samestelling van ’n verklarende preek

### Die proses van eksegese

#### *Gebed*

Die *lees* en *herlees* van die preekperikoop in die prediker se moedertaal.
Die bepeinsing van die teks.
Die vraag: Wat *sê* hierdie teks aan my?
Die vraag: Wat *doen* hierdie teks aan my?

### *Die genre van die teks*

### *Die skopus van die teks*

- Wyer
- Enger

### *Die struktuur van die teks*

Die sintaktiese struktuur.
Die semantiese struktuur.
Die bewegings in die preekteks.

### *Kernbegrippe in die teks*

Sinkroniese en diakroniese ontleding.

### *Die doel van die teks*

Doel van die Heilige Gees met hierdie preekteks.
Doel van die prediker met hierdie preek.

## Die proses van hermeneuse

### *Gebed*

Godsopenbaring in teks

- Vader (skep, onderhou)
- Seun (verlos)
- Heilige Gees (werking van preekteks in ons)

### *Verdorwenheid van die mens*

Watter vlak van verdorwenheid kom in preekteks na vore en hoe.

### *Indikatief, imperatief, belofte*

## Die proses van homilese

### *Gebed*

Inleiding, tema
Indeling (vanuit die bewegings in die preekteks self)
Slot

### *Riglyne vir toepassing*

Situasie van gemeente.
Taal van gemeente.
Groei-agterstande in geloofslewe van gemeente.
Keuse.

***Toepassingsvlak van preekteks op:***

Persoonlike geloofslewe van prediker en gemeente.
Situasie in kerk(e).
Vraagstukke in samelewing.
Toerusting vir diens in God se koninkryk.

## Bibliografie

ADAMS, J.E. 1982. Preaching with purpose. Grand Rapids : Zondervan.

ALLEN, D.L. 2000. A tale of two roads: Homiletics and biblical authority. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 43(3):489-515.

BLACKWOOD, A.W. 1982. Expository preaching for today. Grand Rapids : Baker.

BRAS, K. 2000. De spiritualiteit van de pastor. *Praktische Theologie,* 27(3):302-313.

BREUNINGER, C. 1993. S. Kierkegaard's reformation of expository preaching. *The Covenant Quarterly*, 51(3):355.

BRUCE, F.F. 1979. The history of New Testament study. (*In* Marhsall, I.H. New Testament interpretation. Essays on principles and methods. Exeter : Paternoster. p. 21-59.)

BRYSON, T. 1995. Expository preaching: The art of preaching through a book of the Bible. Nashville : Broadman & Holman.

BUGG, C. 1993. Back to the Bible: toward a new description of expository preaching. *Review and Expositor*, 90:413-421.

BUTTRICK, D. 1987. Homiletic. Moves and structures. Philadelphia : Fortress.

BUTTRICK, D. 1994. A captive voice. The liberation of preaching. Westminster : John Knox.

CARSON, D.A. 1996. Accept no substitutes. 6 Reasons not to abandon expository preaching. *Leadership*, 17:87-88, Fall.

CHAPELL, B. 1995. Components of expository preaching. *Preaching,* X(6):4-14.

CILLIERS, J. 2000. Die genade van gehoorsaamheid. Hoe evangelies is die etiese preke wat ons in Suid-Afrika hoor? Wellington : Lux verbi.

COETZEE, J.C. 1983. Gedagtestruktuur: ontleding en basiese struktuurpatrone. Illustrasiemateriaal vanuit die Nuwe Testament. Potchefstroom : Fakulteit Teologie.

COETZEE, J.C. 1985. Gedagtestruktuur van Hebreërs. Potchefstroom : Fakulteit Teologie.

COETZEE, J.C. 1986. Gedagtestruktuur en basiese struktuurpatrone. Illustrasie-materiaal vanuit die Nuwe Testament. Potchefstroom : Teologiese Skool.

CRADDOCK, F.B. 1978. Overhearing the gospel. Nashville : Abingdon.

CRADDOCK, F.B. 1979. As one without authority. Essays on inductive preaching. Nashville : Abingdon.

CRADDOCK, F.B. 1985. Preaching. Nashvillle : Abingdon.

DARGAN, E.C. 1974. A history of preaching. Vol. 1. Grand Rapids : Baker.

DEUEL, D.C. 1991. An Old Testament pattern for expository preaching. *The Masters Seminary Journal*, 2(2):125-138.

DINGEMANS, G.D.J. 1991. Als hoorder onder de hoorders. Een hermeneutische homiletiek. Kampen : Kok.

ESLINGER, R.L. 1989. A new hearing. Living options in homiletic method. Nashville : Abingdon.

GREIDANUS, S. 1988. The modern preacher and the ancient text. Grand Rapids : IVP.

GREIDANUS, S. 1993. Preaching and the new literary studies of the Bible. *Calvin Theological Journal*, 28:121-130.

HOLGATE, A. 1993. Making the text our own. *The Expository Times*, 104:232-236.

KEITH, J.M. 1975. The concept of expository preaching as represented by Alexander Maclaren, George Campbell Morgan and David Martyn Lloyd-Jones. Texas : Southwestern Baptist seminary. (D. Th. thesis.)

KRUGER, F.P. & VENTER, C.J.H. 2000. Prediker, preekgesindheid en die toerusting van die gemeente. *In die Skriflig*, 34(2):173-194.

LAWSON, S.J. 2001. The priority of biblical preaching: an expository study of Acts 2:42-47. *Bibliotheca Sacra*, 158(630):198-217.

LONG, T.G. 1994. The preacher and the beast. From apocalyptic text to sermon. (*In* Eslinger, R.L. Interactions – post-critical studies in preaching. Grand Rapids : Eerdmans. p. 1-22.)

LOUW, J.P. 1979. Semantiek van die Nuwe-Testamentiese Grieks. Pretoria : Beta.

MAYHUE, R.L. 1990. Rediscovering expository preaching. *The Master's Seminary Journal*, 1(2):109-125.

MÜLLER, B.A. 1996. Profetiese prediking op weg na 2000 plus. (*In* Nel, M., *red.* Prediking kommunikasie in konteks. Voortrekkerhoogte : Makro. p. 47-48.)

PIETERSE, H.J.C. 1979. Skrifverstaan en prediking. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. 1985. Verwoording en prediking. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. 2001. Prediking in 'n konteks van armoede. Pretoria : Unisa.

ROBINSON, H.W. 1982. Biblical preaching. The development and delivery of expository preaching. Tennesee : Abingdon.

ROBINSON, H. 1997. The heresy of application. *Leadership*: 21-23, Summer.

SHEPHERD, W.H. 1998. A rickety bridge: Biblical preaching in crisis. *Anglican Theological Review*, 20(2):3.

STITZINGER, J.F. 1992. The history of expository preaching. *The Master's Seminary Journal*, 3(1):5-32.

STRYDOM, M.C. 1989. Eksemplaries-heilshistories? Voortsetting van 'n onvoltooide gesprek. Bloemfontein : VCHO.

SWEARINGEN, C.J. 1995. Homiletics and hermeneutics: the rhetorical spaces in between. *Studies in the Literary Imagination*, 28(2):1-12.

SWANK, J.G. 1990. Excitement about expository preaching. *Leadership*, 9:11, Fall.

THOMPSON, 1987. Preaching Biblically exegesis and interpretation. Nashville : Abingdon.

VENTER, C.J.H. 1986. Gemeente-opbou in die lig van Hebreërs. Potchefstroom : PU vir CHO.

VENTER, C.J.H. 1996. Prediking en die konteks van die eerste teks. (*In* Nel, M., *red.* Prediking. Kommunikasie in konteks. Voortrekkerhoogte : Makro. p. 14-26.)

VENTER, C.J.H. 1999. Die spiritualiteit van die bedienaar met verwysing na sy toerustingstaak. *In die Skriflig*, 33(2):187-202.

VOS, C.J.A. 1995. Die blye tyding. Pretoria : RGN.

WILLHITE, K. 1992. Audience relevance in expository preaching. *Bibliotheca Sacra*, 149(594):355-369.

YORK, H.W. & BLUE, S.A. 1999. Is application necessary in the expository sermon? *Southern Baptist Journal of Theology*, 3:70-84.

**Kernwoorde:**

hermeneutiese homiletiek
tekspred iking
tematiese prediking
verklarende prediking

**Keywords:**

expository preaching
hermeneutical homiletics
text preaching
thematic preaching